Desember / December 2024

SSK

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Lukas 1:49: "Want Hy wat magtig is, het groot dinge aan my gedoen, en heilig is sy Naam."



# KERSFEES/CHRISTMAS 2024

2024 staan einde se kant toe. Hierdie jaar was gekenmerk deur ongelooflike landbou produksietoestande. Genoeg ondervog tydens planttyd, gereelde reën tydens die groeiseisoen tesame met 'n koel klimaat het die tafel vir rekord opbrengste hierdie jaar gedek. Polities het ons land 'n nuwe omgewing betree deur die vorming van 'n regering van nasionale eenheid. Dit het gelei tot positiwiteit onder baie Suid-Afrikaners. Internasionaal is verhoudinge steeds op 'n mespunt met die voortslepende oorlog tussen Rusland en Oekraïne asook die oorlog in die Midde-Ooste tussen Israel en Hamas. Dit was egter 'n moeilike jaar vir suiwelprodusente. Versadigde markte en hoë insetkostes veral dié van voerpryse, het baie druk op melkboere gesit. Ten spyte van hierdie onderdruk, het die goeie winter reënval vir 'n verhoging in ruvoer gesorg. Soos altyd het die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf vir mededingende uitvoermarkte gesorg. Sterker markte het vir beter pryse gesorg, maar weens 'n afname in kwaliteit was volumes hierdie jaar laer.

Uit 'n besigheids-oogpunt was 2024 'n geseënde jaar vir SSK. Hierdie was 'n jaar waarin meeste van SSK se mense weereens hul allerbeste vir die Koöperasie gegee het ten spyte van baie uitdagings. Daarvoor wil ons graag vir elkeen van hulle dankie sê en erkenning gee vir die besonderse bydrae wat elkeen op sy of haar gebied gelewer het.

SSK se lede is die spil waarom ons besigheid draai. Die kernrede vir SSK se bestaan. Ons wil ook vir ons lede baie dankie sê vir hulle lojale ondersteuning die afgelope jaar en ons gaan in die nuwe jaar poog om op alle terreine nog verder te verbeter met die diens wat ons aan julle lewer. Ons wil ook vir die Hemelse Vader dankie sê vir die seën wat Hy oor ons besigheid en oor ons mense uitgestort het. Dit was vir baie besighede 'n uiters moeilike jaar. Ons finansiële jaar is reeds ver gevorder en dit is met groot dankbaarheid dat ons vir u kan sê dit gaan goed met SSK.

Die tyd gaan so vinnig verby dat 'n mens amper nie kan dink dat dit alweer tyd is om Kersfees te vier nie. Kersfees bied vir ons 'n ruskans ná 'n lang jaar se werk en bied vir ons die geleentheid om te reflekteer op die afgelope jaar se voorspoed, teëspoed, suksesse en mislukkings. Vanjaar dink ons in besonder aan familie, kollegas, lede en vriende wat hierdie jaar vir die eerste keer 'n Kersfees sonder 'n geliefde moet deurbring.

Ons raak so meegevoer deur die eise van die omgewing waarin ons lewe dat ons nie meer genoeg tyd spandeer om na te dink oor die seën in ons lewens waarvoor ons moet dankbaar wees nie. Ons het baie dinge in ons lewens wat ons soms as vanselfsprekend aanvaar. Dit sluit in aspekte soos ons gesondheid, die feit dat ons ekonomies onafhanklik kan wees, die voorreg om in 'n huis te kan woon, genoeg kan hê om te eet en om in 'n warm bed te kan slaap.

My wens sal wees dat ons hierdie Kersfees sal gebruik om te fokus op dankbaarheid. Dankbaarheid vir goeie gesondheid, dankbaarheid vir vriende en familie, dankbaarheid dat ons veilig kan wees en hierdie spesiale tyd van die jaar kan geniet saam met ons hartsmense. Die mees belangrikste van alles is egter dat ons moet dankbaar wees vir die grootste geskenk van alle tye wat ons ontvang het. Ons moet dankbaar wees vir die feit dat God sy Seun, Jesus Christus na ons toe gestuur het om aan die kruis te sterf vir ons sondes sodat ons die Ewige Lewe kan ontvang. Mag jy hierdie Kersfees gebruik om opnuut dankbaar te wees vir hierdie wonderlike geskenk.

Ek wens vir elkeen van julle en julle geliefdes net die beste wense toe vir 2025. Mag dit vir SSK en al sy belanghebbers 'n wonderlike en voorspoedige jaar wees. Vir dié wat op reis gaan gedurende die vakansie, ry asb. voorspoedig, rus lekker en kuier lekker saam met julle mense.

Ons sien uit na 2025 wat ons glo, groot geleenthede vir SSK en sy lede gaan bied om saam te Werk en gevolglik saam te Wen.



SSK Groete.

*- Francois Swanepoel*
*Hoof Uitvoerende Beampte*



SSK

Ons bedank u vir u ondersteuning en wens u en u gesin 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toe.

We thank you for your support and wish you and your family a blessed Christmas and a prosperous new year.

# JOHANN REINECKE VAN DIE LANGKLOOF





**Johann saam sy vrou, Alicia, en twee seuns, Otto en Milan.**

Ek ry die Outeniquapas uit op 'n pragtige lente-oggend en word met die warmte van die oggendson aan die ander kant van die berg gegroet. My afspraak: 'n Kuier in die Langkloof by SSK-direksielid Johann Reinecke op sy plaas Eensaamheid. Soos ek voor die plaashuis stop, word ek eers deur Bingo en Peanut, Johann se Australiese beeshond en labrador, gegroet. Terwyl dié twee sterte swaai vir 'n bietjie aandag, kom Johann aangestap om my te verwelkom.

Die Reineckes boer sedert die 1900 in die Langkloof en Johann is die vierde generasie wat op die plaas Eensaamheid boer en woon. Hy matrikuleer aan die einde van 2006 aan Oudtshoorn Gimnasium en in 2010 ontvang hy sy landbougraad in B.Agric aan Stellenbosch Universiteit. Johann noem dat sy studies nie altyd maklik was nie, en dat die enigste motivering vir hom, sy pa Osh was. Die feit dat sy pa vir hom gesê het dat hy nie terug huis toe mag keer sonder 'n graad in die hand nie, was eintlik vir Johann 'n waarskuwing. Na 'n jaar van stroper-ry in Amerika, keer hy terug plaas toe, waar hy nie net sy wens om te begin boer verwesenlik het nie, maar hy ook die liefde van sy lewe ontmoet het.

Johann en sy vrou Alicia het mekaar in 2012 ontmoet. Alicia wat oorspronklik van Uitenhage is, is 'n onderwyseres. Sy het hierdie jaar uitgetree, maar help nog graag uit by die kleuterskool op Oudtshoorn waar sy skool gegee het. Johann vertel een van die onderwerpe wat altyd by 'n kuier almal aan die praat gehad het, was die nuuskierigheid oor nuwe vroue personeel wat by die skool op die dorp begin het. Daar was altyd ekstra moeite gemaak om seker te maak dat die nuwe juffouens na 'n braai toe genooi word. Aan die einde van die aand het jy gehoop dat jy darem met 'n naam of telefoonnommer huis toe gaan.

Dit het Johann net drie maande gevat vandat hulle mekaar ontmoet het, om Alicia te oortuig dat sy, sy droomvrou is. In 2013 besluit dié twee om te trou en vandag is hulle met twee pragtige seuntjies Otto (10) en Milan (7) geseën.

In die vertrek waar ons koffie drink, is daar 'n groot skuifdeur wat 'n mens 'n besonderse uitsig oor die Bo-Langkloof gee. Hier kyk jy uit oor vrugteboorde wat op beide die twee familieplase, Molenrivier en Eensaamheid staan. Een van die strukture wat jou oog dadelik vang is 'n pragtige kerk wat op Molenrivier gebou is. Johann vertel dat die geskiedenis van die plaas Eensaamheid terug na 1762 strek toe dit as 'n leningsplaas aan Jacobus de Buys toegeken is. Johann se oupagrootjie, Prof. Otto Reinecke, die eertydse Hoof van die Landbou Fakulteit op Stellenbosch Universiteit, koop Eensaamheid in 1934 en later koop sy pa Osh Reinecke die buurplaas, Molenrivier. Die twee plase het ook deel van die eerste posroete gevorm en Molenrivier was in die ou dae as 'n stop vir poskoetse gebruik waar moeë perde vir vars perde geruil was. Hier was dan ook 'n winkel wat goedere verkoop het en die kerk is later gebou. Die kerk wat aan die NG Kerk op Uniondale behoort het, is 'n paar jaar gelede deur Johann se pa gekoop en gerestoureer. Pelgrimstog-stappers wat jaarliks vanaf Uniondale tot by Mosselbaai stap, lê gereeld besoeke by die kerk af.



**Molenrivier se mooi kerk.**

Ek spot met hom en noem dat wanneer jy jou eie kerk besit 'n mens seker nie 'n verskoning het om nie op 'n gereelde basis die kerk te besoek nie? Johann lag en noem dat daar sommer baie vir die boerdery, familie en werkers gebid word. Sy vrugtebesigheid word onder die handelsnaam, Reddot bestuur. Dié naam was op besluit toe 'n rooi verf kol gebruik was om sy vrugtekratte te merk. Dit was 'n maklike en eenvoudige manier om sy produkte tussen ander uitvoerders te identifiseer. Johann boer hoofsaaklik met appels en pere en hy voer ongeveer 70% van sy vrugte na die buiteland toe uit en 30% word plaaslik verkoop of versap. Hy voer uit na Rusland, die Midde- en Verre Ooste, Europa, Afrika en Kanada. Die grootste beperking op Eensaamheid bly water en waar grond nie vir aanplantings gebruik kan word nie, word daar met vleisbeeste geboer.

> *"My pa het my geleer dat jy moet hard werk, maar ook dat jy nie vir alle harde werk beloon word nie."*

Johann dien sedert 2022 op SSK se direksie en hy noem dat dit vir hom 'n groot eer is om die vrugtebedryf, en spesifiek ook die Langkloof, te verteenwoordig. "SSK speel 'n belangrike rol in die landboubedryf en die bydrae wat elke rolspeler lewer, is van onskatbare waarde. Dit plaas ons lede en kliënte in 'n beter posisie wanneer dit kom by produk, diens en versekering," sê hy.

Soos my tyd op Eensaamheid tot 'n einde kom, besef ek dat die Langklowers regtig lekker mense is en net soos Johann met sy aansteeklike lag, skerp humorsin en besonderse gasvryheid, is dit moeilik om te glo dat enige iemand ooit eensaam op Eensaamheid sal kan voel.

*- Astrid Fisher*

# ASTRID LIPPERT-FISHER

## Kommunikasie en Bemarking Spesialis

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek is in Knysna gebore, maar die plek wat ek eintlik tuiste noem, is Buffeljagsrivier. Hier het ek groot geword en ek het my skoolloopbaan aan Hoërskool Swellendam voltooi. Daarna is ek as uitruilstudent Duitsland toe vir een jaar en ek keer terug om my studies in Toerisme aan Boland Kollege Stellenbosch te begin. My man, Mario, wat oorspronklik van Kaapstad is en in vrugteuitvoere werk, ontmoet ek in 2007. Ons is geseënd met woelige tweeling-seuntjies, Alex en Mason (10 jaar).

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Die kinders het baie besige skool- en sportskedules en daar is dus baie min tyd vir ontspanning. My rol as ondersteuner langs die rugby- en krieketveld neem ek as ma baie ernstig op. Wanneer daar wel saam tyd spandeer word, hou ons daarvan om te gaan kamp, stap en daar is gereelde uitstappies see toe. Alhoewel my kinders in die stad grootword, is hulle plaaskinders uit-en-uit. Vakansietye wanneer ons my ouerhuis op Buffeljagsrivier besoek, word daar dikwels by skoolvriende op plase gekuier. Die kinders help dan om skape en hoenders te voer en daar word vroeg opgestaan om hanslammers melk te gee en 'n rit op 'n trekker, oorskry die opwinding van 'n video speletjie.

Wanneer "Jan Tuisbly" besluit om te kom kuier, hou ons daarvan om bordspeletjies te speel. As die enigste vrou in die huis, kan ek baie kompeterend raak, maar ek het ook al geleer as ma dat ek my "battles" goed moet kies.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Nadat ek my studies in Toerisme voltooi het, spandeer ek tyd in Amerika en in 2003 keer ek terug na eie bodem waar ek my eerste werksgeleentheid by Riversdal Toerisme aanvaar. Met die wêreld wat oop voor my lê, trek ek Kaapstad toe waar ek 'n navorsingspos by die televisieprogram Pasella, aangebied word. Vir die volgende drie jaar werk ek myself op tot ek later in die regisseursstoel opeindig. Gedurende my tyd as navorser en regisseur ontmoet ek bekendes, reis ek die land plat en help ek om inspirerende stories te vervaardig wat landswyd uitgesaai word.


Astrid saam met haar man, Mario, en seuns, Alex en Mason.

My televisie-agtergrond bied my ook later die geleentheid om ander media moontlikhede te verken. In 2012 neem ek aan Media24 se eerste realiteitsprogram, Saktyd deel, en uit 12 deelnemers behaal ek 'n tweede plek in die kompetisie. Die belangstelling vir drukmedia ontwikkel in my en ek sluit later by Media24 aan as Adjunk Leefstylredakteur van Huisgenoot, YOU en Drum tydskrifte. Die besluit om 'n leefstylverandering te maak en terug platteland toe te keer, gebeur in 2020 toe ek en my familie Swellendam toe trek. Hier bestuur ek 'n gasteplaas net buitekant Heidelberg en die hele familie raak hals-oor-kop op die rustigheid en pragskoon van die area, verlief. Elke dag bring iets nuut en ek leer meer oor boerdery tot "country cooking". Ek ontmoet nuwe gesigte en verbly my om weer ou-bekendes vanuit die area te sien. Die geleentheid om my kennis en vaardighede in toerisme weer toe te pas, geniet ek soos altyd.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

My loopbaan tot dusver was beslis 'n avontuur met vele opwinding en uitdagings. Die dag toe ek by die Pasellatelevisiespan aansluit was beslis 'n groot oomblik vir my. Vyftien jaar gelede was die televisie- en uitsaaibedryf relatief klein met min kompetisie. Die feit dat ek die navorsing en storie-inhoud behartig het, het bygedra dat die program verskeie toekennings ontvang het. Ek sien dit dus as een van my grootste loopbaan prestasies.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Kommunikasie en bemarking is twee van dié belangrikste komponente in 'n besigheid. Sonder goeie kommunikasie kan jou bemarkingpogings nie funksioneer nie. As 'n diensverskaffer, kan SSK trots wees op gehalte produk verskeidenheid, hoë standaard kliëntediens asook kundige kennis wat daar op alle gebiede aan lede en kliënte, gebied en verskaf word.

Oor 5 jaar sal ek baie graag wil terugkyk en weet dat my kennis en vaardighede bygedra het tot selfs meer groei en sukses binne hierdie dinamiese besigheid.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

"Jy is nooit te arm om ryk te wees nie, en nooit te ryk om arm te wees nie". In 'n wêreld van onvoorspelbare gebeure is niks onvoorsiens nie. Dit is baie belangrik om te onthou dat ons baie keer die "rykdom" in ons lewens en samelewings miskyk en vergeet om dankbaar te wees vir dit wat ons het. "Sout en suiker lyk dieselfde". Nie almal wat jy ontmoet het dieselfde effek op jou lewe nie. Kies goed, veral wanneer dit by vriende kom.

### WAT WEET MIN MENSE VAN JOU?

Ek het 'n passie vir fotografie en ontwerp. Dikwels koop ek 'n tydskrif of leesboek net vir die voorblad. Japan is een van die lande wat ek nog baie graag wil besoek. Die Japanese geskiedenis en kultuur vind ek besonders en baie interessant.

# REËNVAL IN STREKE

| STREEK | AUG 2024 | SEPT 2024 | OKT 2024 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 0 | 4 | 10 |
| Albertinia | 21 | 66 | 43 |
| Ashton | 42 | 42 | 49 |
| Avontuur | 15 | 106 | 151 |
| George | 3 | 65 | 42 |
| Heidelberg | 27 | 41 | 74 |
| Herold | 6 | 68 | 160 |
| Joubertina | 13 | 40 | 106 |
| Karringmelks | 36 | 36 | 111 |
| Knysna | 25 | 73 | 96 |
| Krakeel | 13 | 40 | 106 |
| Krombeksrivier | 27 | 36 | 92 |
| Misgund | 0 | 44 | 150 |
| Mosselbaai | 11 | 64 | 29 |
| Protem | 35 | 40 | 63 |
| Plettenbergbaai | 51 | 77 | 65 |
| Riversdal | 18 | 33 | 81 |
| Swellendam | 51 | 43 | 83 |
| Uniondale | 5 | 46 | 62 |

**Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

# ANNELIE VAN WYK GROET

Annelie van Wyk, Senior Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie, het einde Oktober 2024 afgetree na 'n ongelooflike loopbaan. Annelie is geliefd by almal en haar passie vir haar werk kon 'n mens in alles sien wat sy aangepak het.

"Na amper 17 jaar groet ek SSK op 31 Oktober 2024 met 'n oorweldigende gevoel van dankbaarheid. Iemand het my eenmaal gevra wat ek beskou as my grootste werksprestasie. My antwoord was dat ek nog altyd baie gelukkig was waar ek ookal gewerk het. Vandag kan ek onomwonde sê dat my laaste werk my lekkerste was.

Villiers van Veen het 7 jaar gelede die nuwe posisie van Senior Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie vir my aangebied. Ek is hom vir ewig dankbaar. Ek sal die vele plaasbesoeke mis, die SSK Vrouedae, -Gholfdae en SSK-streek Landbouskoue. Die terloopse raakloop in 'n dorp met 'n glimlag en handdruk of drukkie. Die wonderlike mense van die Groot- en Klein Karoo, die Baviaans en Langkloof, die Tuinroete en Overberg sal ek nooit vergeet nie. Die natuurskoon van die SSK-streek wat elke dag betower. Ek het boere goed leer ken oor die afgelope 17 jaar. Ek lig vir oulaas my hoed in absolute respek.

Ek gaan die vrolike, vriendelike SSK werknemers mis. Kollegas wat hartsvriende geword het. Ek groet na 67 Wenakkers, 37 800 Faceboek-volgers, SSK naamborde en verligte silo's oor ons hele streek.

Mag dit met julle almal baie goed gaan. Mooi loop SSK en sy mense!"

*- Annelie van Wyk (SSK Pensionaris vanaf 1 November 2024)*

**Villiers van Veen, Hoofbestuurder: Finansies en Admin skryf die volgende oor haar:**

"Dit was vir my 'n groot voorreg om die laaste 11 jaar saam met Annelie te kon werk. Haar visie en energie het 'n blywende indruk op my gemaak - haar deursettingsvermoë is werklik besonders! Sy het 'n massiewe aandeel daarin gehad om SSK se beeld, bemarkingsaksies, interaksie met belanghebbendes en korporatiewe sosiale betrokkenheid na 'n volgende vlak te neem. Wat 'n besonderse nalatenskap. Sy laat groot skoene om te vul, maar ons gun haar 'n welverdiende ruskans saam met Fanie. Ons gaan haar mis!"



Villiers van Veen, Annelie van Wyk en Gerda Geldenhuys.



Tuinroete reünie by Annelie se afskeid. Agter v.l.n.r: John Robertson (voormalige Direkteur van Tuinroete Agri), Marais Pienaar (voormalige Direkteur van Tuinroete Agri), Fanie van Wyk (Annelie se man), Karl Rost (voormalige Hoofbestuurder: Handel van Tuinroete Agri). Voor: Jan Weys (Voormalige Besturende Direkteur van Tuinroete Agri), Annelie van Wyk en Hendrik Pienaar (voormalige Voorsitter van Tuinroete Agri).

## SSK LANGDIENS ERKENNING

**25 JAAR:** Minette van Schalkwyk

**20 JAAR:** Gerhardus Hartnick

**15 JAAR:** Re-Onie Prinsloo, Emmie Germishuys, André Burger

**10 JAAR:** Leana Scholtz, Suneé Pheiffer, Lien le Kay, Colin Chieff, Conrey Alman, Charmain Giliomee, Heinrich de Vos, Darryl September, A'nel Kleynhans




Herbert Streicher, Senior Bestuurder: Tegnologie, wens Minette van Schalkwyk, Stelsel Administrateur: Tegnologie, geluk met 25 jaar diens.

# SSK VROUEDAE SAAM MET MAGDA LOUW

Vanjaar was ons SSK Vrouedae weereens 'n bederf vir die boeke met ons gasvroue wat hulself in alle opsigte oortref het. Dit was nie net die mốói wat die tonge laat klap het nie, maar ons gaskunstenaar, Magda Louw (Desiré Gardner), het vir skreeu snaakse vermaak gesorg gevolg met waardevolle lewenslesse. Daneel Rossouw, Nedbank se Hoof van Landbou-verkope, het weer soos verlede jaar kom kuier om sy kennis as landbou-ekonoom met almal te kom deel. Die atmosfeer was aansteeklik met bekendes en nuwe gesigte wat mekaar se geselskap terdeë geniet het. Soos die glasies gelig is, was dit weereens belangrik om te onthou dat hierdie spesiale aangeleentheid 'n viering was waarop ons erkenning gee aan die SSK-vrou.

## KNYSNA/PLETTENBERGBAAI



Anita van Rooyen en Mariette Botha




Dit was lekker vir SSK om die vroue van Humansdorp Landbou Koöperasie ook hierdie jaar te ontvang. Ons sien uit na nog meer sulke kuiers!



Stefanie Rowe en Riana Barnard

## RIVERSDAL



Catherine van Veen, Astrid Lippert-Fisher en Sunette Joubert



Hanlie Geldenhuys en Lindi Joubert



Lynette Truter en Helen Marais

## ABERDEEN



Lynette Marais, Mariaan Marais, Adeleen Nel, Joan Barnard en Charmaine Geard



Romilda Louw, Desiré Gardner, Andria Vywers en Chrystal Loggerenberg



Elmarie Wentzel, Marietjie Greeff en Emmery Zietsman

*Volgende jaar maak ons weer so in Mosselbaai, Heidelberg en Uniondale!*

# SSK AGRILAND BESTUUR



**Agter v.l.n.r: André Burger, André du Plessis, Gerhard van Jaarsveld, Godwin May, Jaco Labuschagne, Johan le Roux, Morne van Rensburg, Jaco Jonker, Dewald Meyer, Divan Prins en Gerhard Piek. Middel v.l.n.r: Anton Swart, Naomi Engelbrecht, Desmond Hayes, Susan Barkhuysen, André van Wyk, Gertjie Odendaal, Rodney Baadjies, Christo Carstens, Adam de Vos, Rufus Human, Elzaine Jansen, Albert Boonzaier, André Wentzel, Freddie Victor, Franco van Loggerenberg, Zander Kuhn, Ryno van der Merwe, Francois Möller, Karen Nel, Patrys Erasmus, en Franco Botha. Voor v.l.n.r: Tronel Lourens, Charlene Lern, Suné Levendal, Amelia Schutte, Jonelle Fiet, Francois Loots, Annare Swart, Julia Lombard, Cora de Beer, Adri Verwey en Natasha van der Westhuizen.**

# SSK MEGANISASIE BESTUUR



**Agter v.l.n.r: Wilhelm du Preez en Ollie Burger. Middel v.l.n.r: Riel Deysel, André van Rooyen, Arno Odendaal, Gerhard Lesch en Chris Boshoff. Voor v.l.n.r: Heindrich Stiglingh, Tommie Prins, Le Roux van Wyk, Francois Loots, Sumarie Gaffney, Armandt Horne, Jacobus Visser, Jacobus Fourie en Kobus van Wyk**

## Plaatkoekies

VERSKAF DEUR

Eureka Mills

1 k Eureka Meulens steen-gemaalde meel
1 E suiker
1 t bakpoeier
½ t koeksoda
¼ t sout
¾ k karringmelk (of meng 1 eetlepel asyn met ¾ k melk)
1 groot eier
2 E gesmelte botter (asook ekstra vir braai)
1 t vanielje geursel
Vars bessies en gouestroop vir opdiening

*Instruksies*

1. Meng die meel, suiker, bakpoeier, koeksoda en sout saam.
2. In 'n aparte bak meng die karringmelk, eier, gesmelte botter en vanielje geursel goed deur.
3. Voeg die nat bestanddele by die droë bestanddele en meng deur totdat alles goed gemeng is. Wees versigtig dat die mengsel nie te veel gemeng word nie, 'n paar klonte is reg.
4. Verhit 'n kleefvrye pan oor medium hitte en braai die botter liggies.
5. Gebruik ¼ koppie van die beslag vir elke pannekoek en braai in die pan. Wanneer ligborrels op die oppervlakte vorm en die kante van die beslag gaar is, draai die pannekoek versigtig om en braai verder vir 'n minuut of tot goudbruin.
6. Bedien warm en sit voor met vars bessies, vrugte en gouestroop of heuning.



# SSK VERSKAFFERSDAG OP GEORGE



Francois Swanepoel (SSK: Hoof Uitvoerende Beampte) en Antonie Jacobs (Agricol Seed: Hoof Uitvoerende Beampte).



Francois Swanepoel en Ernest Botha (Virbac SA: Streeks Verkoopsbestuurder, Oos- en Weskaap).

# NAMPO - BREDASDORP



V.l.n.r: Carola Koekemoer (SSK: Risiko Adviseur), Juan Fourie (Santam: Hoof van Gastehuis en Toerisme), Abri Jooste (SSK: Risiko Adviseur) en Hein Visser (Santam: Nasionale Eise Bestuurder).



V.l.n.r: Rikus Voster (HLK: Hoof Uitvoerende Beampte), Philip Oosthuizen (Rovic: Verkope Bestuurder, Meganisasie Suid), Francois Swanepoel (SSK: Hoof Uitvoerende Beampte), Heindrich Stiglingh (SSK: Meganisasie, Bemarker) en Pieter Malan (SSK: Hoofbestuurder, Graandienste).

# WINTERGRAANDAG OP UITKYK, RIVERSDAL



V.l.n.r: Heinrich van Niekerk (Agripure: Bestuurder, Suid-Kaap), Heinie Beukes (SSK Kliënt), Francois Swanepoel (SSK: Hoof Uitvoerende Beampte), Johannes Joubert en Thys Odendaal (SSK Direkteure).



V.l.n.r: Fanus Komen (Nexus AG: Tegniese Bestuurder: Graan en Groente), Lourens Ras (UPL SA: Besigheids-bestuurder, Saad Toedienings Tegnologie) en Gerrie Rossouw (UPL SA: Portefeulje Bestuurder NPP, Suider-Afrika).

# HENDRIK PIENAAR GRAANDAG OP HERBERTSDALE



V.l.n.r: Pieter Malan (SSK: Hoofbestuurder, Graandienste), Hendrik Pienaar (SSK-lid), Pieter de Jager, Johann Muller (SSK Direkteure) en Francois Loots (SSK: Hoofbestuurder, Kommersieel).



V.l.n.r: Andre Pretorius (Agricol Seed: Agent), Barnie Niemand (Yara: Agent, Kunsmis: WP) en Japie Burden (Yara: Agent).

Redaksie: Astrid Fisher | Tel: 044 601 1200 | astrid.fisher@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za